Die Lewende Kerk

Weekblad van Die Gereformeerde Gemeente Bergbron
Sondag 22 Maart 2015

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel

Lees: Lev 16: 1-10 en Ef 1: 3-14.

Fokus: Ef 1: 7.

Die betekenis van die bloed van Christus.

Omgee:

- Ferdie van der Merwe het ‘n groot rugoperasie ondergaan en sterk tuis aan.
- Annelize le Roux en Gerhardt van den Heever trou DV eerskomende Vrydag 27 Maart 2015. Mag die Here hulle troudag en huwelik ryklik seën!

Offergawes: ◊

Kollektes tydens die diens:
Diakonie sakkie ‘D’ gemerk: Vir die versorging van behoeftiges.
Ongemerkte sakkie: Vir instandhouding van die erediens.

Afkondigings: ☼

- Ds Stephan se **katkisasiegroep** kom weer vanmiddag (22 Maart) om 17:30 in die kerkgebou bymekaar.
- **Laerskool De La Rey se kwartaalafsluiting** DV Woensdag 25 Maart om 9:00 in ons kerkgebou.
- As die begin van ons **Paasfeesviering** gaan ons ook Nagmaal gebruik tydens die erediens.
- **Tee/koffie skinkbeurte** – **vandag** skink groep 3, Kinnie, Sue , Martie Ackerman, Annamie Rodgers. **Volgende Sondag** tot 12 April is dit skoolvakansie en gaan daar nie geskink word nie.
- **Ankie is met verlof** tot 29 Maart 2015 en daarom is die kerkkantoor vir die week gesluit.
- **Woensdagaand om 18:00 gebed** in die kuierkamer. Almal is welkom.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

Die Andreas Beginsel

Daarna het Andreas eers sy broer gaan soek**....**en **hom na Jesus toe gebring.**

(Joh 1:41 – 42)

Neem elke dag 5 minute om mense in gebed na Jesus te bring.
(Wenk sit 'n "reminder" op jou selfoon wat jou daagliks daaraan sal herinner om te bid.)

Vir die volgende weke fokus ons op Ongereddes

Ongereddes: Sommige mense sal kans sien om vir 5 ongereddes te bid en ander vir 10

1._____
2._____
3._____
4._____
5._____

Skrifgedeeltes om te gebruik wanneer jy vir Ongereddes bid:

- Ek het gekom om mense wat op die regte pad is, tot bekering te roep nie, maar sondaars (Luk. 5:32)
- God, ons Verlosser wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom. (1 Tim. 2:4 – 6)
- 2 Pet.3:9

- Eseg 18: 23

Wanneer jy vir ongereddes bid, vra die Heilige Gees om die volgende vrae in hulle hulle harte te werk:

- Wie kan ek vertrou?
- Wat is die doel van my lewe?
- Waar gaan ek heen wanneer ek sterf?
- Hoe kan ek my probleme hanteer?
- Waar sal ek veilig wees en wie sal my beskerm?
- Wie sal my van my sondes verlos?
- Waarom betwyfel ek die bestaan van God?

Moenie met veroordeling bid nie. Bid met geloof op grond van die beloftes van God.
Volhard in gebed!

Lekker verjaar ...!

Verjaardae vandag en in die week:

22/03	LYNDA VENTER	076 849 0501	
23/03	KARLA MARX	071 442 1424	
24/03	ANNELIESE MARSHALL	082 524 6414	011 678 3966
24/03	PAUL OPPERMAN (91)	011 673 3260	
24/03	MARIETJIE VOLSCHENK	082 602 3023	011 672 0241

Mag die Here jou oorvloedig seën

Westdene busramp 30 jaar

'n Byeenkoms word DV op 28 Maart 2015 om 09:00 gehou om die gebeure van 30 jaar gelede te gedenk. Dit sal by die Wespark Begraafplaas in die omgewing van die grafte waar al die kinders begrawe is, plaasvind. Almal wat betrokke was destyds, asook belangstellendes is welkom om dit by te woon. Sê asseblief vandag nog vir oom Hendrik Fritz indien jy nog nie laat weet het dat jy wil gaan nie.

Jy kan help...asseblief

- Gesels met Ankie of Gerhard en Susan Botha as jy **groot (kontinentale) kussings of meubels** vir die bo-kamer kan skenk. Hulle gaan DV Dinsdag begin om dit reg te maak as **gebedskamer** ("boiler room").

- Die **Kinderkerk** se junior klassie word deur Talita Douglas en Michelle Olivier aangebied en hulle het hulp nodig met **poppespel** om die boodskap beter tuis te bring by die outjies. Gesels met Talita of Ankie as jy soms tydens die erediens kan kom werk met die handpoppe – dit hoef nie elke Sondag te wees nie. Kontaknr. 082 946 8178.
- Bied jou hulp aan by die **Begrafnisdiensgroep** – sê vir Johanna de Klerk by 011 673 4483.
- Laat weet asb. Oom Hendrik (082 688 6974) indien jy kan help met klein herstelwerk of onderhoudswerk by die kerk.
- Die gedagte is geopper om lidmate teen betaling toe te laat om hulle besighede of diens te **adverteer in DLK**. Gesels met **Audrey Coetzee** by 084 575 5604 of audrey1.coetzee@gmail.com as jy wil help om die uitleg en bestuur van so 'n advertensieblaai te doen.

Wil jy by die gemeente aansluit?

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. As jy 'n attestasie of bewys van lidmaatskap het, gee dit saam met die vorm vir die predikant. Bel ds. Stephan (011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor(011 673 9705).

Die Lewende Woord Vir Jou Vandag 📖

Prediker: Ds. Stephan Briel

Lees: Lev 16: 1-10 en Ef 1: 3-14.
Fokus: Ef 1: 7.

Die betekenis van die bloed van Christus.

Lev 16 verse 8-9: "Hier moet Aäron lootjies trek oor die bokke. Die een lootjie moet gemerk wees 'vir die Here' en die ander een 'vir Asasel'. Aäron moet die bok wat vir die Here geloot word, as 'n sondeoffer offer." Jesus was met sy bloed aan die kruis beide sondeoffers wat op die Versoendag gebring moes word.

Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdiens:

- Hoe was Jesus die sondeoffer 'vir die Here' in ons plek?
- Hoe was Jesus die sondeoffer 'vir Asasel' in ons plek?
- Hoekom is vergifnis so belangrik?

Bergbron besonderhede

Bergbron webwerf: www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029,

stephan@bergbron.org.za
Musiekdiensgroep – Anneliese Marshall: 082 524 6414 of 011 678 3966, marshall.anneliese@gmail.com
Jeug – Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com
Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 083 53 79770
Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 180 350 349
Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705
kantoor@bergbron.org.za